DIE GEREFORMEERDE

Vroueblad

OKTOBER 2019

GOD HET MY GEKIES

Die Dordtse Leerreëls 400 jaar

As iemand skielik siek word...

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R21-90
GROEPE (POS): R31-90
INDIVIDU (POS): R34-36
ELEKTRONIES: R11-45

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

Inhoud

Oktober 2019

GEREELD

3 Redakteursbrief
4 Lidmaatpraat GK Pretoria-Annlin
5 Sodat my huis kan vol word: Strem of stimuleer die uitverkiesing die uitdra van die evangelie?

IN-DIEPTE

6 God het my gekies
8 God werk daagliks vernuwend in my deur sy Gees

HERVORMING

10 Die Dordtse Leerreëls 400 jaar

LEEFDINGE & LEESDINGE & SIELSDINGE

12 Ek wil saamsing
14 Teks & Vers: Gekies
16 Boekeblad: *Wanneer woorde ontbreek* en *Boeke vir kinders en Amper Tienerdogters*
18 As iemand skielik siek word
20 Is dit nog steeds 'n vreugde om God se kind te wees?
22 Lewensvreugde
24 Gemeente-Mosaïek: Ons kuier by Die GK Pretoria-Annlin
26 Gemeente-Mosaïek: Saamtrekstreke 2020
27 Gemeente-Mosaïek: Saamtrektema en Bybelstudie (3)
28 Resepteblad: Heerlike Ertjieslaai
29 Lees in November 2019
29 Gemeentedagboek
29 Intekenvorm
30 Hartskatte
31 Geure in die Bybel (8)
32 Kaleidoskoop Oktober 2019

DIE GEREFORMEERDE
Vroueblad
SEPTEMBER 2019

GOD HET MY GEKIES

Die Dordtse Leerreëls 400 jaar

As iemand skielik siek word…

PRYSE (per tydskrif):
SELF-AFHAAL: R21-90
GROEPE (POS): R31-90
INDIVIDU (POS): R34-36
ELEKTRONIES: R11-45

www.gksa.org.za/Tydskrifte/vroueblad-inteken

'N PUBLIKASIE VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA

Ander publikasies van die GKSA:

- Die Kerkblad
- Die Slingervel (Laerskoolkinders)
- Die Kruispad (tieners en jongmense)

Bied ook verrykende geestelike leesstof en kan bestel word by die Administratiewe Buro: (018) 297 3986.

Menings uitgespreek in artikels verteenwoordig nie noodwendig dié van die Redaksie nie. Die Redaksie behou hom die reg van plasing asook die redigering, verkorting, parafrasering of uitbreiding van bydraes voor.

WIL JY GESELS OOR IETS?

SMS: 082 555 9586 (begin SMS met VB)
E-pos: cobiesteyn@live.com
*Facebook*blad: Gereformeerde Vroueblad
Slakkepos: Posbus 178 Lydenburg 1120.

(Hierdie besonderhede is nie vir administratiewe soos inskrywings of kansellasies bedoel nie – skakel die Administratiewe Buro in Potchefstroom: (018) 297 3986)

Besoek ons *Facebook*blad… Kom praat saam oor die voorreg en die vreugde om kind van God te wees. Ons sien al hoe meer mense ons *Facebook*blad besoek en dis vir ons lekker. Baie dankie aan Grietjie Prinsloo wat vir ons hierdie blad so mooi versorg.

JAARGANG 74 NOMMER 5

God het my gekies

brief van die redakteur

Wie kan ons voor die regter daag?
God's uitverkore kind verklaag?
Waar is die mond wat durf verdoem
as God sy kind regverdig noem?
(Skriberyming 5-4:1)

Liewe geloofsgenoot,

Oktobermaand. Dié tyd van die jaar wat die somer nou al behoorlik sy gebied afgebaken het – warm dae, tuine vol oordaad – weg is die winter se vaal en die lente se huiwering tussen warm en koud. Oktober is heerlike somersaande van buite-sit en braai en kuier en sterrekyk met nagmusiek van paddas, uile, kiewiete en krieke.

Oktobermaand laat my ook besef dat die jaar se uurglas al meer as driekwartpad ver deurgeloop het. Dit is die tyd van eksamens wat nader kom vir kinders en kleinkinders, dié tyd van die jaar wat jy al wonder wat jy Desembermaand gaan doen (en bekommerd raak oor alles wat jy die jaar nog wou doen en toe nie gedoen het nie!). Dit is die tyd van die jaar wat maatskappye en kerke en skole alweer besin oor volgende jaar en sommer ook die jaar se program in plek kry. 2020. Die datum val juis vir my so lekker op my oor en tong.

Oktober is ook die maand wanneer ons gereformeerdes weer terugdink aan die Hervorming en die pad wat manne soos Luther en Calvyn geloop het omdat hulle oortuig was van die boodskap van die Bybel. Hierdie jaar vier ons die 400ste bestaansjaar van die Dordtse Leerreëls en daarom het die redaksie dit goed gevind dat ons ook ons IN DIEPTE-artikels sal inrig rondom die hooftema van die Dordtse Leerreëls, naamlik die uitverkiesing. Uiteindelik staan 'n mens net verstom voor die genade van ons hemelse Vader wat ons, sonder dat ons enige iets daarvan verdien het, sy kinders gemaak het – nog voor die grondlegging van die wêreld.

Ons kyk ook terug op die geskiedenis van die Hervorming in Nederland – dikwels fokus ons op Luther en Duitsland, en Frankryk en Calvyn, maar die verloop van die Hervorming in Nederland is net so interessant. Dit is juis hier waar die gereformeerdes hulle staan gestaan het vir die waarheid van die Woord, dat die Dordtse Leerreëls sy ontstaan gehad het.

Mag jou somer vol goudgeel sonskyndae wees, jou aande sterbelaaid… en kom ons leef 'n lewe van lof aan die Here vir sy oneindige genade.

Cobie Steyn

Ons is op *Facebook*: Gereformeerde Vroueblad. Gaan *Like* ons!

God het jou gekies

DEUR PROF. BEN DE KLERK

(Aangehaal uit *God het my gekies. 'n Bybelstudie oor Efesiërs*. 2012. Christelike Uitgewersmaatskappy: Vereeniging).

"Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is. So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees" (Efesiërs 1:3-4).

GOD
HET JOU
GEKIES
'n Bybelstudie oor Efesiërs
BEN DE KLERK

So nou en dan word ‘n boek deur ‘n Gereformeerde gepubliseer, en dis altyd ‘n lekker verrassing om daarvan te hoor. Prof Ben de Klerk is ‘n baie bekwame Nuwe Testamentiese teoloog wat ‘n saak tot by die wortel kan deurvors en dit in eenvoud weergee, verstaanbaar vir enigeen.

Sy gewilde Bybelstudie oor Efesiërs is in 2012 vir die eerste keer gepubliseer, en ’n tweede oplaag van hierdie boek is vanjaar (2019) beskikbaar gestel.

Hierdie studie is baie tydig in ‘n tydsgees waarin al minder mense dit nodig vind om in ‘n sigbare gemeente hul plek vol te staan sodat almal saam die liggaam van Christus kan wees. As ’n mens Efesiërs deurgewerk het, maak die kennis oor die toerusting waarmee God ons elkeen begenadig en die redes waarom Hy dit doen, dit onmoontlik vir enige gelowige om veroordelend en afsydig teenoor die kerk te staan. Elke gelowige is geskape na die beeld van God, maar die eenheid tussen ‘n klomp gelowiges – dit wat ‘*God is Liefde*’ uitsing – word eers op ‘n geloofwaardige manier uitgebeeld waar ‘n groep feilbare, diverse, irriterende mense mekaar wonderbaarlik en verstommend verdra, ondersteun, liefhet en saam in die Koninkryk werk – Annamie Odendaal.

Juig! Die Vader het jou uitverkies!

Uitverkies: In Ef. 1: 4-14 gee Paulus 'n lang lys van al die hemelse seëninge wat die Heilige Gees in ons verwerklik. Heel bo aan die lys staan die uitverkiesing! Paulus laat ons saam met hom juig oor die verkiesing in Christus. Juig jy of sug jy as jy hoor wat God oor die uitverkiesing openbaar?

Die uitverkiesing is die grondslag van ons geloofsekerheid oor ons verlossing en ewige lewe. Want alles berus by God se groot, eenmalige en onveranderlike besluit om ons uit die moeras van sonde en dood oor te bring en aan Christus te verbind om sy eiendom te wees. Net Hy het besluit en niemand kan aanspraak maak op verdienste of voel dat sy of haar sonde te groot is om aan God te behoort nie. God is groter as enige sonde. Alles is net genade! Daarom sing ons die lied saam: "God het ons in Christus uitverkies!" God kies wie Hy wil en juis omdat Hy onheiliges en sondaars kies, wys dit hoe groot sy oneindige liefde is. God het besluit om 'n geheim, wat ons nooit ten volle sal kan verstaan nie, bekend te maak: die geheim van uitverkiesing.

Ons kan nie uitverkiesing in 'n sisteem beskryf nie. Uitverkiesing sal meer ervaar as verstaan word deur beskeie gelowiges wat verwonderd voor God kom staan en sê: “Dankie Here, ek verdien dit glad nie. U genade is groot!” Hoekom verkies God? Is dit omdat party beter is as ander? Nee, in die Ou Testament sê Hy vir Israel dat Hy hulle nie verkies omdat hulle die sterkste of grootste is nie. Inteendeel, hulle is swak en hopeloos. Hy kies omdat Hy liefhet. En nou kies Hy ons. Die "ons" sluit Jode en selfs heidene in. Ons herkoms – lank gelede – is ook uit die heidennasies.

Hoe verkies die Vader jou?

In Christus: Die uitverkiesing is onlosmaaklik verbind aan Christus en sy verlossing. God sien Christus en in sy liefde sien Hy in Christus ons onheiliges en plaas ons aan Christus se kant. Ons kan nie oor die uitverkiesing onpersoonlik as 'n ding buite om Christus praat nie, maar kan uitverkiesing net verstaan en aanvaar en daaruit lewe en sekerheid kry as ons verkiesing in gemeenskap met Christus sien. Ons is nie as los individue willekeurig verkies nie, maar ons is verbind aan Christus. God sien sy uitverkorenes vas aan Christus as die Hoof en ons as sy liggaam.

Wanneer het die Vader jou verkies?

Hierdie uitverkiesing in Christus gebeur voordat die wêreld geskep is. Voor die tyd begin, toe God alleen bestaan het, het God iets gedoen. Hy het in die uitverkiesing sowel Christus as ons in gedagte gehad. Hy plaas ons en Christus saam in sy gedagte. Dit is tog aangrypend. So praat God van sy vrymag om te kies en sy liefde om ons te kies in één asem.

Wat is die doel van jou uitverkiesing?

Ons was onheilig en het voor God in 'n staat van beskuldiging gestaan.

God verkies ons sodat ons die teenoorgestelde kan wees: “Om heilig en onberispelik voor Hom te wees". Heilig beteken dat ons vir God afgesonder kan wees, dat ons Syne kan wees, en met Hom kan saamleef in voortdurende kontak nou en tot in ewigheid. Ons kan sy goedheid geniet, ook sy skoonheid as God, net by Hom wees en sy liefde en grootheid ervaar. Onberispelik lewe wys dat ek verkies is om heilig te lewe. My lewe is in ooreenstemming met wat God wil hê. Niemand kan my van iets beskuldig nie. Dit is die doel waarom God my verkies.

Ons kan sekerheid kry dat ons verkies is uit die feit dat ons weet ons is Syne en dat ons wil lewe soos God wil hê ons moet lewe. En dit alles moet "voor Hom" wees, in sy teenwoordigheid, onder sy skerp oë. Ons moet oop en bloot lewe soos Hy verwag. Uitverkiesing is nie 'n verskoning om onverskillig te wees en te lewe nie. Die uitverkiesing wys God se liefde vir ons en ons lewe en optrede teenoor God en ons naaste moet wys dat ons God se liefde in ons het.

Is dit nog steeds 'n vreugde om God se kind te wees?

VANDAG, HIER EN NOU?

DEUR HESTER VENTER

Hoekom vind jy dit nodig om vir my te vra of ek 'n Christen is? Dis logies dat ek dit WAS. Toenemend hoor jy as gelowige kind van God hierdie skokkende frase uit die mond van 'n medemens oor die radio of jy lees dit op Facebook of in die koerant. Dalk met dié byvoegsel: "Daar is vir my gesê jy sál in die kerk wees, tjoepstil sit en aandagtig luister na dominee. Later by die huis moes jy verslag doen waaroor die preek gehandel het, en uit watter Skrifgedeelte daar gelees is... maar wat het dit my in die sak gebring? Ek is ontnugter. Ek is klaar met die kerk. Ek is klaar met God."

Hoe hartseer is dit dan nie om te besef dis 'n mens wat eens hom of haarself "'n kind van God" genoem het nie...

Inderdaad is dit so. Vir ons gelowiges – kinders van God – stap die jare aan, en kinders raak volwassenes. Die wêreld is nie meer die vriendelike, wonderlike en veilige plek wat ek as kind geken het nie. Alle grootmense is nie goed en gaaf nie. Die nuwe bure is nie jou tannie Liefie uit jou kinderjare nie – 'n dierbare sagte bondel liefde, altyd gereed met 'n glimlag, 'n koekie en koeldrank vir 'n dorstige kind nie.

My bure nou is bot en onvriendelik; erken nie eens my poging tot 'n beleefde groet nie. Ek moet altyd seker maak alle eiendom is agter slot en grendel om my en my geliefdes te beskerm. Ongelukkig is daar buite mense wat die geringste kans afwag om te roof, te moor en te steel. Verseker is almal in my grootmenslewe nie noodwendig gelowiges of kwytgeskeld van hulle eie sondige aard en natuur nie.

Die lewe het my al ontnugter. Om my sien ek hoedat baie dinge in duie stort. Selfs die natuur is nie meer lowergroen, skaduryke bome en kabbelende stroompies nie. Diere se natuurlike habitat word ontbos, afgekap en verwoes om die mens se gierigheid te bevredig.

Elkeen leef vir homself, en het selde, (indien ooit) tyd vir iemand anders. Wie, inderdaad – as elke dag net 'n stryd om oorlewing is en jy heeltyd oor jou skouer moet loer – het nog die tyd of energie vir 'n vriendelike glimlag, en uitreik na 'n ander in nood?

Daarom kan die mens wat sy rug op God gedraai het, maklik vir jou vra: Vreugde? Reken jy, dat as ek opnuut 'n kind van God word, ek vreugde sal ken? Geen pyn en hartseer, frustrasies of armoede nie? Geen siekte, kinders wat my teleurstel of gebroke familiebande nie? Niemand wat by my huis inbreek en my van my swaarverdiende besittinkies beroof nie?

AS KIND VAN GOD HET EK DIE VASTE VERTROUE DAT DAAR NET EEN EVANGELIE IS.

Niks meer slapelose nagte van bekommernis oor kinders en kleinkinders wat moet oorleef in Suid-Afrika nie? Niks wat my snags laat ronddraai en laat wonder, onder andere, oor 'n goeie gesondheidstelsel en 'n werkbare skolastiese opvoeding nie? Dan is daar nog die onoorbrugbare klowe (so kom dit voor) tussen verskillende rasse en kulture… Die wantroue en agterdog teenoor mekaar?

Of wag, daar is nog. Kan jy my waarborg dat my motor se venster nie stukkend geslaan word en 'n rewolwer teen my kop gedruk gaan word om my voertuig te kaap nie? En dat ons land wonderbaarlik in 'n Utopia gaan verander met geen verkragtings, mense wat honger gaan slaap en 'n 0% werkloosheidsyfer nie? Geen onskuldige vragmotorbestuurder gaan met petrolbomme gegooi word en met sy lewe betaal nie?

Of dat boere op plase nie meer in die donker 'n moontlike wrede plaasaanval hoef te vrees nie? Skole word nie meer gevandaliseer en beroof nie? Biblioteke – ja daardie einste plekke waar ons kinders hulle kennis verder moet uitbrei – sal nie meer afgebrand word nie? As ek hierdie versekering van jou kry, klink dit na 'n opsie om weer 'n kind van God te wees en net vreugde te ervaar…

Geen mens kan tog beloftes namens God maak nie. Maar ek kan ek uit my geloofshart – as kind van God – net antwoord: "Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie" (1 Joh. 3:1-3). Hieruit verstaan ek dat die wêreld 'n bose plek is vir dié wat God nie ken nie. Hulle sal bedreig voel, kwaad en vol woede teenoor almal. Hoeveel kere het die geskiedenis nie al bewys dat 'n samelewing wat gedink het hulle kan sonder God, (en sodoende sonder hoop) regkom, uiteindelik uitmekaar geval het en dat alles hooploos en verlore geraak het nie?

As uitverkore kind van God wéét ek maar alte goed dat die mens en die aarde stukkend geraak het, vanweë die gebrokenheid van die sonde. En tog weet ons dat, te midde van alles wat so deurmekaar lyk, sy Goddelike krag ons alles geskenk het "wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag" (2 Pet. 1:3).

As uitverkore kind van God moet ek – te midde van die lelikheid en die stukkend-wees van die wêreld – woede, haat, nyd, gevloek en die gebruik van vuil taal laat staan (vgl. Kol. 3:8), ons moenie vir mekaar lieg nie, want: "Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek" (Kol.3:9).

Daarom moet elke gelowige, as uitverkore kind van God die lewe van die nuwe mens leef "wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God"(vgl. Kol. 3:10).

As kind van God het ek die vaste vertroue dat daar net een evangelie is. Om 'n kind genoem te kan word van die Enigste Here, enkele Wese is loutere vreugde, want ek kyk nie na die krisissse deur die oë van die sondige wêreld nie.

Kinders van God kyk anders na dinge, lyk anders, tree verskillend op, en moet ook nie-verbaal uitgeken kan word as sy Koningskinders. V